September 2012 Jg/Vol 20.2

BILLI

Nuusbrief van die Vrystaatse Afdeling van die BKSA
Newsletter of the Free State Section of the MCSA

VAN DIE VOORSITTER

Hallo alle lede, die jaar stap aan en na ’n baie koue winter in die Vrystaat, kan ons al die lente begin ervaar. Ons kan nou maar uitkom uit ons nessies, ophou hiberneer en sommer net die natuur geniet. Daarom hoop ek ook om geesdrif te sien met die uitstappies wat voorlê en dat dit goed ondersteun en baie geniet sal word. Baie dankie aan entoesiastiese lede wat gereeld saamstap. Ek waardeer julle entoesiasme baie.

Indien enigeen weet van interessante en mooi uitstappies wat ek op ons program kan aanbring sal ek dit baie waardeer. Kontak my gerus.

LEDENUUS

Ons grootste nuus van die jaar in die Afdeling Vrystaat is die 100ste verjaar-dagviering van ’n erelid, Schalk Theron. Hy is die eerste lid in ons afdeling se geskiedenis wat die Goue Wapen-toekenning van die Bergklub van Suid-Afrika ontvang het. Tien jaar later in 1982, het die eer ook dr. Ryno Verster te beurt geval. Schalk is ’n legende in ons afdeling en was deur die jare nie net ’n goeie bergklimmer nie, maar sy liefde vir berge het afgevryf aan vele mense by wie hy ook daardie liefde gekweek het en wat saam met hom goeie tye gedeel het. Hy het in 1955 lid geword toe die afdeling nog bekend was as die Mountain Club of the Free State and Basutholand. Hy was bekend vir sy liedjies wat hy in die aande, om ’n kampvuurtjie of in ’n grot, met soveel entoesiasme kon sing.

Foto: Schalk in sy jonger dae met sy bekende hoedjie op sy kop.

Die afdeling het ’n spesiale ete vir hom gereël in Jeffreysbaai waar hy tans woon en uitnodigings is gestuur aan al sy vriende met wie hy deur die jare saam berg geklim het. Ook is ’n spesiale huldigingsuitgawe van die Billi vir hom saamgestel met vele lekkerleesartikels.

☞Die spesiale uitgawe van die Billi is aan al sy stapgenote gestuur. As jy meer oor hierdie bergklimpionier van die Vrystaat te wete wil kom, kontak die sekretaresse vir ’n kopie van hierdie Billi.

Ons het twee heerlike sosiale aande by Sorita en Emil en ook Annette en Giel gehad wat goed ondersteun was.

Ons is sewe lede wat eersdaags gaan vertrek na Griekeland om daar in die Pelion-gebied te gaan stap. Dit is weereens danksy die entoesiasme en ervaring van Molly, dat ek, Sorita, Ansa, Frances, Deon en sy vrou Maryna die toer gaan onderneem. Ons beloof om mooi foto’s terug te bring.

Baie geluk aan ’n nuwe lid, Emil Vermeulen. Geluk ook aan Peet en Annelie van Rooyen wat ’n klein Miah ryker geword het. Ook geluk aan Oupa en Ouma, Louis en Pat Fourie. Hoop sy gaan in die voetspore van al die “voorouers” loop.

Ons is bly dat Elsa Combrink so goed herstel het na ’n besering in die Sederberge waar sy haar heup gebreek het. Nico het foto’s gewys hoe sy per helikopter van die berg opgepik was en na die naaste hospitaal geneem is. Dit was wonderlike reëlings van ervare bergklimmers soos Louis en Nico en weereens ’n bewys van die voordeel om ’n lid van die Bergklub S.A. te wees.

Ons is trots op Marietjie v/d Westhuizen, Estelle Marais en Jurie van Rensburg wat die koue van die Drakensberge aangedurf het deur die Julie-kamp by te woon. Julle was braaf.

DRAKENSBERGE: JULY-CAMP 2012

— Marietjie van der Westhuizen

Dit is die jaar 2012, om presies te wees, 6 Julie. Drie dapper Bloemfonteiners vertrek na die suidelike Drakensberge om die sogenaamde “July-camp” of direk vertaal, “Kamp Staaldraad”, te gaan bywoon! Die wat weet en die wat reeds daar was, het ons goed ingelig, maar dit ontmoedig ons geensins.

By Back packers in Harrismith slaap ons oor. Hier is die skrif reeds teen die muur; dis koud en daar’s geen verhitting nie wat ons laat wonder oor die tentslapery.

Saterdagoggend ry ons vroeg, want alles, het ons reeds verneem, begin by ’n trekker wat ons bagasie na die kampterrein moet vervoer. Ons is egter gewaarsku dat dit net ’n voorreg is en nie ’n reg nie en dat die moontlikheid bestaan dat ons alles self sal moet dra; maar hoe pak jy vir ’n week en boonop vir al die moontlike seisoene, alles in een rugsak? Dan is daar nog jou tent, stoel, matrasse, ja alles wat ’n goed ingeligte sal pak om te oorleef.

Die afskop begin sleg – die trekker daag nie op nie, maar die noodvalskerm gaan oop en ’n barmhartige samaritaan stel sy bakkie beskikbaar, met beperkte bagasieruim. Wat wou, ons kon teen die tyd pak soos gesoute valskermpakkers in die weermag en die meeste van ons goed is netjies op hulle plek in die bakkie.

Taamlik senuagtig kom ons by die kamp aan. Ons het gehoor dat as jy nie teen vieruur smiddags jou agterstewe in rat het nie, sak die bose op jou neer. Dit word vinnig donker en dit gaan verder hand-aan-hand met koue, wind, reën en/of sneeu. As verwelkoming kry ons wind, vreemde tente om op te slaan, te min tentpenne, tent-ingange waar uitgange moet wees en nate waar gate moet wees. Met die hulp van sommige van ons ander kampgenote, oorwin ons en ons skuilings staan. Ons kry tee op die koop toe en begin bedaar. Bespreek ons eerste dagstap en gaan slaap.

Genadiglik is dit bewolk en die uitstraling dus nie so erg nie. Deur die nag reën dit wel ’n bietjie, maar ons slaap warm en raak so effens mak.

Sondagoggend tref die tweede skok ons; dis nou ná

die skok van die trekker! Ons kry die infrastruktuur nodig. Goed, ek stem saam, ons hoef ten minste nie te hurk nie, maar jy raak duiselig ten aanskoue van die gat, wat behoorlik na ’n graf lyk, kompleet met ’n graaf toegerus om die lyke mee toe te gooi, as jy verstaan wat ek bedoel?

Daar is egter nie tyd om lank daaroor te wroeg nie, want ontbyt word nog bedien, die register moet ingevul word en ons KwaZulu-Natal-gashere is stiptelik.

Dit bring ons by die klokstelsel, wat alle spys- en drankgeleenthede aankondig. Die klok is wel primitief, ’n stuk yster teen ’n ander stuk yster, maar as dit slaan, moet jy luister, of die kampkommandant spreek jou sterk aan.

Vandag stap ons ons eerste stap, groep-groep in verskillende rigtings. Ek en Jurie is baie braaf, pak die Giant’s Cup, Dag-2-roete aan saam met ’n klompie manne. Kort voor lank vind ons uit dat ons saam met, of teen die land se Drakensberge-veterane stap, of liewer, klim, ons is mos bergklimmers of hoe? In stilte ly ek, maar ek verteenwoordig mos die Vrystaat, meer nog, die Boere, in hierdie nuutgebore Anglo-Boere oorlog.

Estelle stap saam met ons alombekende en beminde Louis en Pat Fourie, die Giant’s Cup Dag-1-roete.

Ongeveer 15:30 kom ons die kamp binne, gedaan na liggaam, maar verkwik na siel – ons het oorleef!

Skaars raak jy van stok en hoed ontslae, of die klok, alias, “yster”, slaan. Dis teetyd en baie gou word hierdie tradisie versteur deur teetyd vir die Engelse en koffietyd vir die Boere.

Ons drie Vrystaters is weer in vir ’n skok, maar nou gaan dit oor oorlewing. Moenie vergeet nie, vyf minute terug was dit vieruur, die lug is helder oopgetrek, wat beteken die koue kom soos ’n dief in die nag. Almal raak onrustig net soos rooimiere wat klaar onder hul voetjies agtergekom het daar is ’n aardbewing op pad. Ons moet skoon kom en so gou moontlik alles aantrek waarmee jy kans sien om die nag se koue te trotseer. Getrou aan “Kamp Staaldraad”, val ons in rye voor die twee badkamerdeure in. Nee, eintlik bedoel ek openinge, seil-afskortings en in plek van ’n stort of porseleinbad, ’n sinkbadjie. Jy kry een emmer warmwater, dit word aangevul met ’n bietjie kouewater. Wat is dit tog met ons Suid Afrikaners en ons badbegeertes dat selfs 3-cm water ons nie afskrik nie. Sal ons nou werklik in die sewe dae iets oorkom sonder ’n bad? Daar is mos denominasies wat sewe dae of selfs langer vas – ek meen dit is sonder kos en daarvan kan jy dood – maar van ’n sewe-dae-bad-vas kom jy tog niks oor nie!

Na die badseremonie, volg “happy hour”. Nou is dit ons kans om behoorlik vriende te maak en daarom sluit ons drie aan by ’n uitgesoekte tentkultus van lekker gesels, ietsie te drink en bietjie “hors d’ oeu’vre’sies”.

Om 19:30 slaan die yster- dis “supper”, wat ons gou vertaal het na “sopper”. ’n Driegangmaal word bedien, nl. ’n halwe blikbeker sop, hoofgereg en nagereg. Goed, goed , ek weet almal wil graag die resepte hê sodat julle dit kan gebruik vir enige ander kamp. Hier volg dit:

Sop: gewone groentesop, m.a.w. alles waarop jy jou hande kan lê. Hoofgereg: kapokaartappels en kapokpampoen en vleis (bees of vark), opgekook met ’n lang sous. Nagereg: drie geblikte pynappel wiggies en ’n teelepel boks vla. Hierdie resepte vermenigvuldig jy met sewe en met geringe afwyking van ’n broodpoeding van al die oorskiet brood van die afgelope twee weke wat die kamp alreeds aan die gang is, en jy het die hele toekomstige spyskaart.

Die man- en vroumoediges gaan hierna na die lapa vir ’n bietjie samesyn, maar dit hou nie lank nie, dit is baie koud en die kamporganiseerders wil nie vuurmaak nie, want die gras is droog en die brandgevaar hoog en sê nou net ons is te min vir vuurslaan as die lendelam raamwerkie waarin ons veronderstel is om die vuur in te maak, om neuk en die spul vat vlam. Al wat dus oorbly, is om maar te gaan inkruip en dit is nou juis die deel wat ek probeer uitstel. Dit is nou nie juis of jy agter iemand se warm rug kan gaan inkruip nie en/of jou elektriese kombersie kan aanskakel nie, nee, dis net jy en jou donsslaapsakkie (as jy een het) en die wolklose nag en yskoue tentjie. As jy dalk glo soos Pat, dat jou kopliggie jou warm hou, kan jy dit probeer, maar arme ekke was van waardigheid, hitte en alles gestroop. Ek wou behoorlik dood van die koue en om drieuur stap ek toe maar teen die rivier, in die hoop om warm te word. Die nag is donker, die jakkalse huil en dan kan daar mos ’n luiperd of wat ook rondsluip en ek wil nou nie vir diegene iets op die tafel neersit nie, dus bly net my eensame tent en die donkerte oor.

Die derde dag breek aan en ons gaan vandag ons tweede roete stap. In gelid val ons agter die veterane in, ons stap vandag die Pholela Valley Walk. ’n Ander groep vertrek op ’n twee-nag-, drie-dagroete. Onervare stappers is ons nie en kom heeltemal goed reg. Diep in my hart wens ek dat ek so bedrewe met die koue en die nagte kan wees soos ek met die stappery is, maar ek hou dit hier in my innerlike binneste, want dit voel mos of jy heeltemal alleen is as jy swaarkry en dat ander dalk nie jou leed sal kan verstaan nie.

Terug by die kamp volg die rituele soos gewoonlik. Klokstelsel, “high tea”, happy hour, “sopper”, kamp en bed-toe!

Dit is Dinsdag. Ek en Estelle en Pat bly tuis, elkeen met iets wat seer is en die ander, onder leiding van Louis, stap na Pinnacle Rock. Ons sal maar liewer deel in hul foto’s!

Hulle keer net voor die teeklok terug, gaan deur die rituele van bad, pampoen en kapokaartappels, pynappelwiggies en vla, drinkdingetjie hier en daar en raai wat? Vanaand mag ons ’n kampvuur hê, kompleet met ’n amptelike, aangestelde brandweerman. Uiteindelik sit boere en Engelse in gemeensaamheid om een vuur. Wat meer is, vanaand sing ons, dit wat op swart en wit geskryf staan in ons program, word uiteindelik waar. Maar O’ wee, met die ouderdom saam ken almal net die eerste reël van elke liedjie. Ons gee die spul op en gaan slaap. Die nag is weereens koud, eensaam en donker!

Woensdag, ’n nuwe dag met nuwe uitdagings! Ek kan weer op my plek inval saam met die manne en ons stap ’n deel van die “Gxalingenwa River Trial”, met ongelooflike uitsig. Middagete sit ons met ons rûe teen die berg en tuur oor die klowe heen. Ons klomp sit lank daar, terwyl die vrede oor ons uitsak– dis mos hoe ’n stap moet wees, tyd vir vrede, foto’s en vreugde! Estelle en Pat en ’n paar ander ry saam met een van die veldwagters om na moontlike brandstigting in die berg te gaan kyk en dan met die Giant’s Cup roete terug te stap.

Vanaand het ons weer ’n kampvuur en weer probeer ons sing, nie baie suksesvol nie, maar ons kuier lekker, nou is Boer en Brit verenig. Daar is baie hoogtepunte in die kamp, maar wie van julle weet van Louis en sy “staaltjies”, want sê hy, hy vertel nie grappe nie. Ek dink nie iemand het al so gelag soos wat ons vir Louis en sy “staaltjie-grappe” gelag het nie. Soos die een van die ma skilpad wat vir sy kind gaan wys het hoe om te swem en toe vir hom sê; hou my dop!

Dit is Donderdag, Jurie stap saam met die manne na ’n grot om na Boesmantekeninge wat as nasionale gedenkwaardigheid verklaar is, te gaan kyk. Hulle kom moeg terug en volgens Jurie was die klim erg, maar elke oomblik se moeite werd.

Vandag is daar ’n nuwe roering in die kamp. ’n Nuwe lid sluit by ons aan, maar nie sommer so ’n lid nie, nee, die 85 jarige Eric! Wat ’n formidabele mens. Ongelooflik belese, skerp, op en wakker. Die kampvuur kry nuwe vlam, Eric neem as hoof brandweerman oor. Ons sing vanaand ’n hond uit ’n bos, nog steeds net die eerste reëls van alles uit ons verlede, maar daarvoor maak ou oom Eric op. Hy sing ’n hele klomp Skotse en Engelse liedjies en ken elke woord en elke versie. Ons kuier tot ounag, voordat ons in stilte terugsluip tente toe.

Maar helaas, die vreugde is van korte duur. Vannag is dit erg koud, die derde nag wat ek die rivier aandurf. Ek het ’n keuse, ek sterf eensaam en alleen in my tent, soos Racheltjie de Beer voor die miershoop, of ek sorg vir heerlike opwinding deurdat ’n luiperd my verskeur. Dalk kom my naam in die koerant. Maar sê nou net die luiperd vreet my heelhuids op en laat nie eers ’n bloedspatsel agter nie, wie gaan dan van my roem weet. Ek gaan kruip maar weer in my tent, maar neem ’n gewigtige besluit net daar en dan – ek het genoeg gehad en met dagbreek kondig ek dit aan. Tot my verbasing voel my medereisigers dieselfde en soos een man begin ons die gevriesde tente met hamers af te breek! Dit was nou eintlik Louis se sêding, die van die hamers. Nee, ons ontbyt, neem ’n afskeidroete saam met Louis en Pat en ’n yslike blok sjokolade. Ons neem foto’s en geniet nog ’n paar van Louis se staaltjies en toe gaan ons terug om te pak. Tot ons verbasing is ons kampgenote spyt oor ons vertrek. Eric dreig selfs om my aan my voete vas te maak,

want wat dan nou van die vuur en die sang? Maar ten minste maak hulle of hulle verstaan toe ek hulle van die koue verduidelik en my vrees vir ’n eensame koue dood!

Louis en Pat help ons om die bagasie wat om geen

verklaarbare rede kleintjies gekry het, motor toe te dra. Ons neem roerend van hulle en ook van ou oom Eric afskeid en vertrek. Ek sê vir niemand nie, maar kan nie ophou dink aan my warm bed, elektriese kombers en Dover stofie by die huis nie!

GIANT’S CASTLE

26 April – 1 Mei 2012 – Deon du Plessis

Na die afgelope twee Injasuthi-stappe van ons Bergklub oor korter langnaweke weens gebrek aan belangstelling gekanselleer is, het die 5-dag stap in die Giant’s Castle-omgewing belofte getoon. Meer as twee weke voor die tyd het Nico Combrink, die stapleier, al sy stapprogram en ryreëlings uiteengesit. My profetiese woorde aan hom was dat die stappers intussen nog baie gaan verander. Soos die (on-)geluk dit tref, is dit Nico se vrou, Elsa, wat haar heup breek ’n week voor die tyd in die Sederberge en ek moet oorneem as stapleier. Buiten vir Bannerman-pas (30 jaar gelede) was die stap heeltemal onbekend aan my, maar danksy Nico se volledige reëlings het dit my taak baie vergemaklik.

Donderdag-oggend, 26 April, vertrek ek uit Aliwal-Noord, tel Louisa Krugel in Rouxville op en kry Jacques Jordaan, Johan Bekker (alias Livingstone met sy Britse helmet) en Joseph George in Bloemfontein om 14h00. Ons is om 20h00 by die White Mountain Resort, so 30 km anderkant Escourt, se kampeerterrein teen R62 p/p (teenoor die R700 p/p vir hul kamers). So met die vleisie se vure wat braai, kom die Reitz-garde bestaande uit Thinus en Petra Bam en Bruwer en Ansie van Rooy ook daar aan.

Vrydagoggend, 27 April, ry ons die res van die oorblywende 30 km kronkelende teerpaadjie na Giant’s Castle-kamp. Na al die formaliteite afgehandel is, begin ons teen 9h30 op ’n duidelike voetpad na Bannerman-hut te stap. Die Reitz-garde ken darem die terrein, aangesien dit hul vierde keer is by Giant’s Castle. Ons klim van 1700m tot 2250m oor 6 km na die kontoerpad, maar ons is swaar gelaai met vyf dae se toerusting en kos, dus spook dit maar. Teen die tyd dat ons die kontoerpad bereik, tel die wind so sterk op, dat ons die laaste 4.5 km op die kontoerpad weinig stop en ernstig moet beur teen die sterk wind. Teen 13h30 bereik ons die skuiling van die Bannerman-hut.

Ons skuil heel middag teen die wind, totdat nog twee bergklimmers, Voichek, ’n Poolse immigrant en Johan Nel van Pretoria, daar verbykom. Hulle is hardebaardstappers met die minimum toerusting op pad na ’n onbekende piek wat volgens hulle die hoogste piek in Suidelike Afrika is. Ons lig hulle in dat dit Makheke is, wat inderdaad die 2de hoogste piek in Suidelike Afrika is. Laatnag kan ons hul ligte in die Bannerman-pas sien. Geïnspireer deur hul voorbeeld, besluit ons dat die groep sterk genoeg is om nie weer terug te stap op die kontoerpad en net een nag bo-op die eskarpement gaan slaap nie, soos Nico se oorspronklike plan was nie. Die besluit is om nie Gaint’s-pas op en weer af te gaan nie, maar om

al by Bannerman-pas op te gaan, bo-op die eskarpement na Giant's Castle te stap, twee aande bo te slaap en dan met Gaint's Pas af te kom. Die nag bly die wind stormsterk en ons is bly ons is nie buite in 'n tentjie nie.

Saterdag, 28 April en Petra kla van voetbeentjies wat seer is en weens hul komende Italiaanse bergklimtoer om die hoogste piek in Italië te klim, besluit die vier van Reitz dat hulle die makliker opsie gaan volg om onder op die kontoerpad te bly, aan die onderpunt van Giant's-pas te oornag en dan te kyk hoe gaan dit met Petra. Weens die Reitz groep se ondervinding, ervarenheid en laer-risiko-stap, word die ongemaklike besluit geneem om nie die jonger groep se entoesiasme te demp nie en dat ons die stapgroep in twee gaan verdeel. Die wind het genadiglik bedaar en so begin ons die 800m oor

3 km van die Bannerman-pas in mis en wolke te klim. Die pakke is nog swaar, die revs loop hoog en ons is nog maar op die relatiewe makliker beginhellings. Halfpad teen die pas uit is die dubbele Spare Rib Cave(s), wat twaalf stappers gemaklik kan huisves, maar as daar verby 'n bietjie vogtigheid verbygekyk word, tot 40 stappers sal kan huisves. Nou begin die pas ernstig steil word en die dun lug begin toenemend met ons longe te gesels. Dit voel soos 'n ewigheid voor ons tussen die miswolke en weer in die wind op 3050m aan die bopunt van die pas kom. Nog is dit steeds die einde niet, aangesien die suidelike Bannerman Wall byna 3300m hoog is wat ons moet oor. Hier nuttig ons 'n vinnige middagete, maar ons voel dat die dag se klim aan ons gevat het en ons begin slaapplek te soek. 'n Entjie laer af soek ons na die 6-man Bannerman-grot, maar kry dit nie. Dis beslis foutief gemerk op die kaart en ons vermoed dat dit so 1 km verder suidoos en hoër teen die eskarpement moet wees. Ons sak nog so effe af na die Langalibalele-pas se kant en slaan ons tente in Lesotho op, buite sig met effe skuiling teen die wind in 'n duik langs 'n stroompie. Na slegs ongeveer 6 km vir die dag is dit 'n vroeë aand.

Sondag, 29 April en dis 'n skoon pragtige dag. So 2 km verder net bokant die Langalibalele-pas is ook lieflike kampplekke. Dan op na die gedenkkruis van vyf Britse soldate wat in 1873 deur Zoeloe opstandiges doodgemaak is.

Dan op die eskarpement langs en agter die pieke wat na die gesneuwelde Britse soldate vernoem is. Die asem is maar skraps op die +3000m wat ons stap. By Mount Durnford, byna 3300m, loop ons ons vas en moet ons terugstap en oor die bergrif klim. Ons loop nou verskeie veewagters raak wat hierdie laat stadium van die seisoen nog met hul skape en beeste daarbo wei. Ons skenk vrywilliglik van ons swaarder ekstra kos aan hulle, maar moet die wa vinnig stop as dit byna in 'n bedelsessie ontaard. Dit wissel tussen 3000m tot 3200m soos die pieke verbygaan. 'n Laaste byna 3300m van die Long Wall en ons is aan die Loteni-kant van Giant's Castle. Ons jaag 'n groot Rooijakkals op. So teen 15h00 sien ons in die vêrte vier stappers sonder rugsakke van Giant's Castle se kant af stap en afsak teen Giant's-pas en ons wonder of dit die Reitz-stappers is. Agterna sou ons hoor dat dit inderdaad hulle was. Hulle het die vorige dag met die kontoerpad gestap en aan die voet van Gaint's-pas tente opgeslaan.

Hulle het sonder rugsakke Gaint's-pas uitgeklim, om gestap tot Giant's Castle se hoogste piek en dit suksesvol bestyg. Hulle het ons in die vêrte gesien, maar moes jaag om voor donker by hul kampplek aan die voet van Giant's-pas te kom. Na so 11 berg kms het ons groep self tente opgeslaan in die ooptes agter die bopunt van Giant's-pas en weer 'n nag op byna 3100m gespandeer.

Maandag, 30 April en die wind het weer gedurende die nag kwaai opgekom. Ons pak op en steek ons rugsakke weg in 'n sloepie. Sonder rugsakke vorder ons fluks aan die 2.5km na die hoogste piek, hoewel die asem brand op 3300m. Op die bergrand is die wind weer stormsterkte en ons besluit eenparig om so 30m kort van Giant's Castle Piek terug te draai omdat dit te gevaarlik sou raak. Buiten vir die wind het ons die naweek relatief goeie staptoestande ondervind en was dit relatief warm. Op 3300m word vriespunt egter maklik bereik en veral Jacques geniet die gevriesde waterstroompies en wit geysde watervalletjies. Dan oor die Giant's-pas (3100m) en die 800m daling oor 2km is maar uiters steil. Na 2 km op die kontoerpad met die wind wat nog steeds woed, draai ons op die kortpad met die 7 km-lange Giant's Ridge voetpad af na die valleivloer. Ons stap so effe terug op die Langalibalele voetpad terug en kamp weer na 'n lang dag se stap langs die Boesmansrivier. Na 'n verfrissende afspoel, kuier ons vyf vir oulaas die aand in perfekte weerstoestande saam. Joseph, as seker die eerste Indiër wat saam met Vrystaatse Bergklub stap, se kultuur en sienings lok baie belangstelling uit onder ons plaasjapies.

Dinsdag, 1 Mei en dis 'n naby 3 km stap na die Giant's Castle Kamp. By die inteken van die bergregister bemerk ek dat Voichek en sy mede-ysterman die vorige nag om 22h00 ingeklok het. By die parkeerterrein tel ek 'n notatjie van Thinus van die grond op (wat op my venster vasgeplak was en deur 'n lastige kraai losgewikkel is). Toe die wind die vorige dag so sterk opkom het, het hulle van Giant's-pas via Giant's Castle-hut, binne drie ure na Giant's Castle-kamp vir ontbyt teruggestap. Hulle is al die vorige dag terug Reitz toe. So kon ons ook vroeg die hewige vakansieverkeer op die N3 trotseer en was ons teen 'n skaflik 16h00 terug in Bloemfontein.

Ten spyte van die verdeling van die groep op Dag 2, het alles goed afgeloop. Die hele groep was sterk stappers met 'n baie goeie gees. Veral ons vyf wat meer tyd op die eskarpement gespandeer het, het dit ekstra geniet en weergalose vêrgesigte gehad. Daar is darem niks wat 'n lekker 5-dagstap deur ernstige bergklimmers in die Drakensberg kan klop nie.

DIE HERBAL ROETE

— Annelie Viviers

Kgotso – "ons groet in vrede" – Vrydag 23 Maart 2012 vertrek nege stappers na die Clarensdistrik. Ons gaan tuis in The Ploughmans Cottage naby Schaapplaats, so 5 km buite die dorp. Die huis was eers 'n kleuterskool. Ons braai die aand vleis en die stappers leer mekaar ken. Die volgende oggend vertrek ons na die Basotho Village wat geleë is 20 km vanaf Golden Gate op pad na Phuthaditjaba waar ons die veldgids en die toordokter ontmoet. Hulle neem ons op die stap na die berge. Ons leer meer van veldplante wat vir medisinale doeleindes gebruik word. Daar is ook 'n boom wat se takke die weerlig weghou. Interessant is die nuwe kure wat vir HIV pasiënte aangewend word en help vir die opbou van die pasiënt se immuniteit. Asma en depressie word behandel en geeste word uitgedryf. Daar is ook plante wat gebruik word vir onvrugbaarheid.

Ons sien ook baie mooi rotstekening en is na twee uur se stap weer terug by die kantoor. Die groep verdeel in drie waarvan ek en Retha besluit om die Basotho Village self te besoek om meer van die Basotho volk te leer. Die tweede groep gaan stap by Golden Gate en die res besoek Clarens se winkeltjies.

Ons gaan eers na die toordokter se spreekkamer. Retha neem die handvol dolosse en blaas daarop waarna sy dit op die grondgooi. Teen 'n ekstra fooitjie bied hy aan om haar toekoms te voorspel . Sy besluit daarteen.

By die Village word ons besoek aangekondig met 'n tuisgemaakte viool. Die gids stel ons voor aan die koning en ons drink egte bier saam met hom en sy lyfwag. Die stat is in 'n sirkel uitgelê. Ons begin by

die 1600-boustyl gekenmerk deur ’n klein ronde huis met modder gebou en die dak met strooi gedek en met geen vensters, asook ’n klein deur. Jy moet laag buk om in te gaan-dit is sodat die vyand jou nie verras nie, jy moet eerste kan aanval. Daar is geen omheining nie. Die graan word in ’n dig geweefde mandjie geberg. Die man van die huis woon alleen en die res van die familie saam met mekaar.

Die 1700’s se huisies het klein openinge vir vensters en die deur is groter. Daar is drie huise, een vir eet, een vir slaap en een vir kook, die muur om die lapa is hoog om boosdoeners en wilde diere uit te hou. Die gids demonstreer die verskillende hoede, klere en komberse gemaak van vel asook die wapens van daardie tyd. Mielies word gerooster en gemaal en gesout tot ’n geurvolle droë dis en word dan as padkos ingepak, as hulle reis. Dit word met water gedrink, swel in jou maag en dan is jy versadig op jou reis. Dit word Dipapi genoem.

Die 1800’s se huise het groter vensters en deure en die muur om die lapa is laer. Die eetvertrek is versier met modderrakke wat dien as ’n vertoonkas waarop die eetstelle gerangskik word. Skottels, strykysters en wolkomberseis is hier te sien.

In die 1900’s kom die blanke invloed na vore. Die huise word vierkantig gebou, het meer as een vertrek en toegerus met ’n stoof, paraffien-yskas, blikke vir meel en suiker, ysterpotte vir kook asook beddens. Die deure en vensters is groter.

Die huise word gekenmerk deur kleurvolle patrone op die mure. Ons word weer gegroet met musiek uit tuisgemaakte tromme en ’n akkordeon waarna ons Clarens toe vertrek. Aktiwiteite by die Village sluit die volgende in: voetslaanroete, Erfenisroete, Tradisionele vergaderplek, kulturele kompetisies, konferensiefasiliteite, ’n restaurant en kunswerke wat ook te koop aangebied word.

Die Sondag het ons die roetes agter Clarens gestap wat baie maklik is, lekker geëet en veilig teruggery huis toe. Ons het baie geleer en sal so ’n naweek sterk aanbeveel.

LESOBA STAPROETE, FOURIESBURG Junie 2012

— Estelle Marais

Vrydagmiddag het 15 stappers vertrek vanaf Bloemfontein. Die aanvanklike groep was 22 maar na die weerberig ontvang is dat temperature gaan wissel van -7 tot -4 grade vir die hele naweek, het die groepie gou kleiner geword. Die groep ysbere wat egter besluit het om tog te gaan stap, was gewapen met dik baadjies, musse serpe ens. Ons het so rondom 6 uur nm by die plaas arriveer.

Nadat almal ’n slaapplek gekry het, is ons almal, toegedraai in ’n kombersie na die braai-area waar Pieter en Marietjie vir ons pannekoek gebak het en heerlik gebraai is om ’n gesellige vuur. Na ete is ons almal so teen 9-uur terug na die chalet waar ons tipies vrouens tot laataand die land se probleme opgelos het ens.

<u>Dag 1 : 13 km, tydsduur ongeveer 6 ure</u>

Om 9-uur Saterdagoggend, stewels vasgeryg, stapstokke in die hand, en rugsakke op die rug het die stappers bymekaar gekom in bibberende weer, maar gereed vir die avontuur. Annelie het vir ons voorgelees en met gebed geopen en die fokus van die dag was om God se skepping te waardeer, ongeag die koue. Ons het in twee groepe verdeel. Pieter, Marlene, Kobus, Marissa, Darius, Zane en Sandy het besluit om die roete oor die berg te klim. Annelie en Estelle het hul gaan afsien op die begin van die roete en versoek om veilig te wees in die nat en koue weer.

Estelle, Marietta, Annelie en Marietjie het besluit om die 13 km op die 4 x 4-roete te stap wat ook ’n lekker uitdaging was. Die was bibberend koud met sneeu en ysreën wat nou en dan uitgesak het. Dit het egter nie die geesdrif gedemp nie en ons het nou en dan gesit om die uitsig te bewonder en tee te drink en natuurlik foto’s te neem.

Annelise het by die hut gebly om haar werkstukke af te handel en Pauli en Cheryl het heerlik ontspan en gelees en die omgewing om die plaas verken.

So teen 2-uur was die stappers terug, koud, maar opgewonde oor die sneeu wat geval het. Van ons het as kinders laas sneeu gesien. Die res van die middag is lekker geëet en gekuier in die rondawels rondom die gasverwarmer. Laatmiddag is ons besluit dit is te koud om lapa toe te gaan en sommer die vleis op ’n glasplaat in die chalet gebraai saam met heerlike bykosse wat ons saamgeneem het. Ons het ook heerlike malvapoeding gehad en het luuks geëet. Daar is weer pannekoek gebak en ons het tot laataand elke met ’n heerlike glas glüwein wat Marietta gemaak het speletjies gespeel en sommer net laf gewees.

Dag 2 : 11 km, tydsduur ongeveer 4 ure

Sondagoggend het Estelle, Annelie, Marietjie, Marlene, Kobus, Marissa, Zane en Sandy die roete aangepak. Die res van die stappers se skoene was papnat en hulle kon dus nie saam stap nie. Dit was nog koud, maar die sonnetjie het tog later deurgebreek en dit was toe heerlik buite. Annelie het vir ons heelwat inligting op die roete gegee en ons het ook die blesbokke in hul natuurlike habitat gesien asook die mooiste rotsformasies.

Ons was sowat 11-uur terug by die huis, waarna brunch gemaak is en opgepak is. Ons het so 1:30 vertrek en teen 5-uur was almal veilig by die huis

Opsomming

’n Roete wat beslis die moeite werd is om te stap. Selfs in die winter, ten spyte van die koue, het die Oos-Vrystaat ’n betowering en skoonheid wat die stapper lank bybly. Jy stap die roete bewus, in gebed en in blydskap, altyd oplettend. Dus, die asemrowende uitsig, rustigheid en die skoonheid van die natuur maak dit ’n onvergeetlike avontuur wat die stapper telkemale sal laat terugkeer na Lesoba.

MAHLABATINI

— Chris Joubert

Die Magaliesberge strek vanaf Pretoria in die ooste, tot net suid van die Pilanesberge naby Rustenburg. Die gematigde hellings van die berg word onderbreek deur diep klowe en ravyne wat uitstekende geleenthede bied vir rotsklimmers en stappers wat bereid is om hier en daar hul hande te gebruik. Hierdie klowe sluit in Tonquanikloof, Boulderkloof, Mhlabatini-loof, Fernkloof, Groot kloof, Cederberg-kloof, Castle Gorge, Waterkloof, Kranskloof en Hammerkopkloof.

Foto: Mhlabatinikloof

Oor die langnaweek van 9 -12 Augustus het ons by Mhlabatinikloof gekamp in ’n gesamentlike stap en rotsklim-uitstappie. In die groep was ons vyf van die Vrystaat Afdeling, Pieter en Susan Pyke, Jacques Raubenheimer, Rolien Labuschagne en ekself. Van die Magaliesberg Afdeling was dit Stefan Nesser, Theunis de Bruin en Elanè Siebert.

Saterdag het ons van die boer se plaas, waar ons die voertuie parkeer het, ongeveer 1 km met Mhlabatinikloof opgestap na ons kampplek op MCSA grond. Na ons kamp staan gemaak is, het Stefan ons vir stap deur ’n pragtige deel van

Mahlabatinikloof gevat. Die kloof is 8-10 meter breed met 50-meter kranse aan weerskante. Die vloer van die kloof is vol groot rotse met 'n waterstroom wat deurvloei en poele en watervalle vorm. Plek-plek versper die poele die hele kloof en moes ons tot die middellyf nat word om deur te gaan. Teen die kranse groei varings en bome welig met lang wortels wat afstrek en aan die rotse vasklou.

Foto: Cederberg Corner: Jacques en Rolien op die laaste trajek van Cederberg Corner

Sondag en Maandag het die stappers wes na Fernkloof gestap en om dié kloof te verken. Ons Vrystaters, Jacques, Rolien en ek wou eerder die kranse uitprobeer. Sondag was ons in Mhlabatinikloof en het ons Mahlabatini Chimney, Straight Edge en Jelly Beans Direct geklim. Maandag het ons Red Column in Tonquanikloof en Cederberg Corner in Cederberg kloof geklim. Dinsdag vir oulaas Mhlabatinikloof. Saans het ons klimmers en stappers weer saam om die gaskampvure gekuier tot laat.

Foto: Junction Cedar&Tonquani: Die aansluiting van Cederberg kloof met Tonquanikloof

KOMITEE 2012

Voorsitter: Charlotte Augustyn (charlottea100@gmail.com)

Ondervoorsitter: Annéli Machin

Tesourier: Sorita Matthysen (sorita.matthysen@gmail.com)

Sekretaresse: Natalie le Roux (nleroux@psyssa.com)

Komiteelede: Nico Combrink

Estelle Marais

Webmeester: Jacques Raubenheimer

Webwerf Vrystaat afdeling: **http://sites.google.com/sites/mcsafs**

Graag doen ons weer 'n beroep op ons lede om, indien jy nog nie vanjaar jou lidmaatskap betaal het nie, dit asb. te doen of indien jy twyfel daaroor, kontak Sorita by bg. e-posadres of telefoonnommer 0833960615.

STAP MET SCHALK

Derek Odendaal

Ek beskou dit as 'n groot voorreg dat ek 'n hele klomp staptogte saam met Schalk Theron, 'n Bergklub-legende in sy tyd, kon meemaak. Dit sluit van die klassieke staptogte van die Vrystaatse Afdeling in, soos na die Ketane-waterval en Machache-piek in Lesotho, Kgotswane in QwaQwa, die Drakensberg-plato, Wildekus en Dangershoek. Dit was hoofsaaklik in die laat sewentigerjare, toe ek op Kovsies geswot het. So is ek ook aan wonderlike areas bekend gestel, wat ek later verder sou verken en staptogte heen sou lei. Ek deel graag 'n paar dinge wat ek spesifiek van Schalk tydens staptogte onthou.

Pionierstappe gemis

Toe ek saam met die Klub begin stap het, het ek heelwat stories gehoor oor die epiese togte wat die Klub in die sestiger- en vroeë sewentigerjare diep in Lesotho in onderneem het met Schalk en sy Land Rover aan die voorpunt, onder andere na Maletsunyane, Ketane, Pitseng en Mamalape. Ek het altyd bietjie jaloers gevoel dat ek nie van hierdie pioniers-ervarings kon meemaak nie, maar tog ook bly dat ek nie tot diep in die nag moes aanhou stap nie, soos soms noodgedwonge nodig was. Dit het vir my geklink of net die tawwe stappers by Schalk kon kers vashou toe hy jonger was.

Jonger bene
Hier op 65 kon Schalk nog van die rofste staptogte aanpak en ons jong mense het hom bewonder. Ek het nogal graag net agter hom gestap en kan vandag nog die vorm van sy langerige kuite vir jou teken en ek sien nog sy gemaklike tree in my gedagtes. Ek dink hy was 67 toe hy eendag op ’n uitstappie in die Drakensberge vir Tjaart van der Walt sê: Kom ons maak ’n ruil: Ek gee jou al my ervaring en dan gee jy my jou paar jong bene! Tjaart was toe so in sy dertigs en hy *kon* stap. Dit het vir gesê my dat selfs Schalk die ouderdom begin voel.

Vertrek laat
Soos enige ingelyfde Bergklub lid sal weet, vertrek ons maar altyd laat op uitstappies. Ek dink Schalk het hierdie tradisie begin. Dit was (en is steeds) moeilik om kwart-oor-vyf op ’n Vrydagmiddag gereed te wees om te vertrek as mens voldag moet werk. Ek onthou die keer toe ons almal reeds gereed was om halfses voor Schalk se huis (vanwaar ons in daardie dae vertrek het), toe kom hy eers terug van die supermark met sy benodigdhede en so ewe sê dat hy nog net gou sy rugsak moet gaan pak! Wel, leiers soos Andries Lategan, Nico en ekself het hierdie tradisie om laat te vertrek, wel deeglik voortgesit.

Beetslaai
In die sewentigerjare was dit nog die gebruik in die Klub dat daar gesamentlike kosvoorrade oor langnaweke saamgeneem is. Die leier het besluit wat en hoeveel almal sou eet, het dit dan aangekoop en is die vrag onder almal verdeel. Dan is daar goed soos geblikte ham, heel brode, ingelegde perskes en gebottelde beetslaai saamgedra. Beetslaai? Ek is sekerlik die laaste persoon wat beetslaai op ’n staptoer sal saamdra. Ek hou nie daarvan nie en sal dit net so twee maal per jaar eet – ook net omdat dit seker gesond is. En raai wat kry ek toe om onder andere te dra op my eerste langnaweek staptog saam met Schalk? Ja, reg geraai: ’n hele kilogram beetslaai in ’n swaar glasbottel! En toe eet ons dit eers die tweede laaste dag. Maar nou ja, ek was jonk en dit het my bene net sterker gemaak vir toekomstige staptogte.

Middagslapies
Dit maak nie saak hoe lank ’n dag se stap was nie, Schalk het altyd ’n lekker lang middagete-breek gegee. Deel daarvan was om sy middagslapie in te pas. Net ’n kwartiertjie of so, maar dit moes gedoen word. In die wintermaande het hy so ewe in sy slaapsak geklim vir sy middagslapie. ’n Kort middagslapie tydens middagete was ook deel van sy daaglikse roetine by die werk! Ek dink dis ook een van die redes hoekom hy so lank leef. Van die ander dinge wat hy glo hom langer laat leef, is die koppie lou water wat hy elke oggend drink as hy opstaan en rooibostee. Daar is natuurlik mense wat beweer sy lang lewe is omdat hy nooit getrou het nie. Dit spaar ’n man beslis baie stres!


Schalk, Molly en Nico in die Didima-grot op die Drakensberg-plato in 1978.

Om die kampvuur
Sekerlik my mooiste herinneringe aan Schalk is die gesellige atmosfeer wat hy tydens staptoere rondom die kampvuur kon skep. Hy het ’n besonderse talent om stories te vertel en dit boeiend en lewendig te maak. Of dit nou bergklim stories, reisstories of fiktiewe stories was, hy het dit graag langs die kampvuur vertel en so het hy dikwels die lang koue aande korter gemaak. Hy is ook lief vir sing en was altyd die voorsanger langs die kampvuur. Veral die ou Ierse volksliedjies soos “My Bonnie”, “Clementine” en “Molly Malone” is graag gesing, asook ander bergklimliedjies wat deur die ou bergklimmers self geskep is, soos “I’ll give you one O” en “Once a Climber so bold”.

Wat my ook sal bybly, is die voorbereidings vir die kampvuur. Eers moes ons genoeg hout bymekaarmaak, dan klippe rondom die vuurmaakplek pak, natuurlik hoog genoeg sodat die billi-stok weerskante van die vuur daarop kon rus. Dan het hy self ’n reguit, groen tak gaan soek om as billi-stok te dien. In die winter moes daar ook ’n ekstra stok wees, want die aande is lank en die stok het dan deurgebrand voordat die laaste koffiewater gekook is.

Schalk ontwaak langs die Wildekus in 1977. Langs hom staan Steyn de Wet.

Bewondering vir die natuur

Iets wat ek ook van Schalk sal onthou en self mee kon vereenselwig, is dat hy nooit opgehou het om steeds die mooi en die wonders van die natuur te waardeer en te bewonder nie. 'n Mens het hom gereeld in die berge hoor sê: "Is dit dan nie pragtig nie?" of "Die natuur is darem maar wonderlik!" wanneer hy 'n mooi blommetjie sou sien, 'n pragtige uitsig bewonder, of enige iets waarneem wat die wonderlike skepping ons bied, veral op die wilde, afgeleë plekke wat ons dikwels betree het.

Champagne op 85

Schalk het vir baie jare die doelwit gehad om op 85-jarige ouderdom nog vir oulaas tot bo-op die Drakensberg-plato te klim. En nie sommer net tot bo nie, maar tot op die kruin van Champagne Castle, op 3377 m een van die hoogste Drakensberg-pieke, en sowat 2000 meter bo die beginpunt. Ek het bevoorreg gevoel toe hy my in 1997 kontak en vra of ek so 'n staptog sal reël vir einde September. Dit is toe gedoen en ons was uiteindelik 'n groep van 10 stappers, onder andere ook Nico, Sandra en Charlotte. Ons het dit redelik rustig gevat en 5 dae gebruik vir die hele tog.

Schalk was goed voorbereid en fiks genoeg vir die staptog. Alhoewel hy net 'n dagpak gedra het en sy ander benodigdhede onder die res van die groep versprei is, het hy die op- en afstap met berekendheid en baie jare se ervaring suksesvol voltooi. Wat 'n prestasie! Op 26 September staan hy bo-op Champagne Castle en drink ons saam sjampanje. Ek het agterna vir hom gesê as ek hom dit op 75 kan nadoen, sal ek baie tevrede wees. Ek sê steeds so.

Schalk bereik die Drakensberg-plato (via Grey's Pass) op 85-jarige ouderdom.

Ek eer hierdie groot bergklimmer, stapleier, natuurliefhebber en besonder interessante mens.

TRAD CLIMBER TURNED SPORT CLIMBER?

Åsa Forsman

Robert Buzzard, ex Mountain Club of Kenia chair, ardent bush basher (his favourite access to Mt Kenya is the Kamweti route!) and keen climber, moved from Kenya a number of years ago. Every now and then he is back in town and Nikunj and I managed to catch him for a day's climbing in Lukenya in May.

Rob now lives in Ghana, where the highest mountain reaches a pitiful 885 meters. The country does have a few hills though and Rob is out almost every weekend for sports climbing on a crag an hour's drive outside Accra. It must be there he had acquired the sports climbing skills that explained his success at Nemesis that sunny day in May.

Mountain Club of South Africa Search and Rescue numbers:

Internet: http://www.mcsa.org.za/

The Mountain Club of South Africa (MCSA) Search and Rescue National Convenor is Rob Thomas – 082 652 1490 All phone numbers are the emergency numbers that can be contacted in case of a mountain rescue emergency (primary numbers are in bold). Please specifically state that you are calling regarding a '**Mountain Rescue Emergency**'. The primary cities from which the teams operate are shown in italics. Where a provincial coordination centre that uses MCSA Search and Rescue as a resource exist, the number of the provincial coordination centre is given as the priority contact number. The MCSA does not charge for rescues and flight criteria applies, it reserves the right to perform its own assessment and may transfer incidents to more appropriate agencies. Information correct as of July 2012

Eastern Province

Port Elizabeth
Tel: 10177 (Metro)
Tel: 072 324 4985 (Vodacom)
Tel: 073 755 2250 (MTN)
Convenor: 082 572 5671 - Jason Schoeman

KwaZulu-Natal

Durban / Pietermaritzburg
Tel: 0800 005 133
Convenor: 082 990 5876 - Gavin Raubenheimer

Western Cape

Cape Town
Tel: **021 937 0300**
Convenor : 082 338 3176 - Andy Wood
Convenor: 082 499 9656 - David Nel
For mountain security / crime related incidents in the Cape national park s call: 086 110 6417

Gauteng

Johannesburg / Pretoria
Tel: 074 125 1385
Tel: 074 163 3952
Convenor: 083 274 1116 – Dean vd Merwe
Note the Gauteng team also covers the Free State, North West, Limpopo and Mpumalanga

Hottentots Holland

Somerset West
Tel: **021 937 0300**
Convenor: 082 393 0407 – Gela Tölken

South Cape

Plettenberg Bay/Knysna/George
Tel: 10177 (Metro)
Convenor: 082 339 1240 – Drew Scott
Convenor: 082 323 4349 - Rogan Hindmarch

BOOKS by Steven Venebles

The first ascent of a hundred metre rock climb



can be just as creative and exciting as the struggle up a Himalayan giant (and sometimes a lot more fun), and many of the world's finest mountaineers have also been great rock climbing pioneers.

Higher than the Eagle Soars 'There were many early adventures I wanted to revisit, so it was



a huge pleasure to write this autobiography, ranging from Scotland, to the North Face of the Eiger, to Kashmir, Tibet, the Andes and Africa, finishing with our great Everest epic of 1988. The book received good reviews and won the Mountain Literature Prize at the Banff International Mountain Festival.'

A Slender Thread



The story of the ill-fated Panch Chuli expedition, when a failed abseil anchor sent Stephen plummeting 300 feet down a mountainside. He survived, but with two broken legs, stranded at 6,000 metres on a remote Himalayan peak. Luckily he was with some of the world's finest mountaineers, including Chris Bonington.